



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is drie keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes vir elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1




FIGUUR A: **Admirable Man *(Bewonderenswaardige Man)*** uit die 95 Nelson Mandela-plakkaatversameling deur Ana Paula Caldas (Suid-Afrika), 2013.

Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels van ontwerp ten opsigte van FIGUUR A hierbo:

- Fokuspunt
- Kleur
- Lyn
- Balans
- Patroon **[10]**

**OF**

1.2



FIGUUR B: **Buigbare Platpakstoele** deur Wintec se Stratflex-reeks (Suid-Afrika), 2013.

1.2.1 Analiseer en bespreek die gebruik van die volgende ontwerpterme ten opsigte van FIGUUR B hierbo:

- Minimalisme
- Getrouheid aan materiale
- Lineariteit (6)

1.2.2 Bespreek VIER voordele wat met platpakmeubels geassosieer kan word. (4)
**[10]**

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP



FIGUUR A: **15de Antirassismefees-plakkaat** deur Unusual (VSA), 2005.

2.1 Bespreek die simboliek wat uit die plakkaat hierbo na vore kom. (8)

2.2 Verduidelik hoe die komposisie of uitleg tot die doeltreffende oordrag van die boodskap bydra. (2)

**[10]**


**VRAAG 3**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Verwys na FIGUUR A en FIGUUR B hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



FIGUUR A: **Shweshwe-materiaal** deur Da Gama Textiles (Suid-Afrika), 2009.



FIGUUR B: **Vlisco-materiaal** deur Vlisco Fabrics (Demokratiese Republiek van die Kongo), 2007.

Vergelyk die twee tekstielontwerpe hierbo deur die volgende as riglyne te gebruik:

- Moontlike invloede
- Funksie
- Lyn
- Ritme
- Kleur **[10]**

**OF**

3.2



FIGUUR C: **Die Rooi Lokasie-museum van die Mense se Stryd ('Red Location Museum of the People's Struggle')**
deur Noero Wolff Argitekte (Port Elizabeth, Suid-Afrika), 2005.

Hierdie museum en gemeenskapsentrum is in die Rooi Lokasie-'plakkershut'-nedersetting, die oudste deel van New Brighton, Port Elizabeth gebou. Hierdie gebou herdenk die eerste opstand teen apartheid in 1952 toe spoorwegwerkers geweier het om hulle passe te wys om die spoorwegeiendom binne te gaan. Hierdie museum sluit ook 'n kunsgalery, 'n mark, 'n sentrum vir kreatiewe kunste, 'n biblioteek, geletterdheidsentrum en 'n konferensiesentrum in. Die interieur sluit ses groot 'herinneringshouers' in wat uit rooi geoksideerde gegolfde sinkplate gebou is om by die kleur van die oorspronklike plakkershutte van die area aan te sluit. Dit huisves voorwerpe en uitstallings wat met apartheidgeskiedenis verband hou.

Skryf 'n opstel (ten minste 200–250 woorde of EEN volle bladsy) waarin jy die kontemporêre Suid-Afrikaanse gebou in FIGUUR C hierbo met ENIGE klassieke gebou wat jy bestudeer het, vergelyk.

Gebruik die volgende as 'n riglyn vir jou opstel:

- Konteks
- Doel/Funksie
- Materiale en bou-/konstruksietegnieke
- Argitektoniese kenmerke
- Vorm en ruimte **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

## VRAAG 4

4.1

| Die oorspronklike stigter van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging, William Morris, het een groot wens vir 'n goeie samelewing gehad – 'dat ons niks in ons lewens sal hê wat ons nie as bruikbaar beskou nie en wat ons nie glo mooi is nie.' |
|---|

Met verwysing na die bostaande aanhaling, kies TWEE visuele beelde wat op die volgende twee bladsye getoon word en skryf 'n aparte opstel oor die beweging/styl wat deur ELKE beeld verteenwoordig word.

Gebruik die volgende riglyne vir jou opstelle:

- Gee TWEE redes hoekom die beeld wat jy gekies het, tipies is van die beweging/styl waaraan dit behoort en noem of die aanhaling hierbo van toepassing is op jou keuse.
- Bespreek TWEE ander kenmerke en/of invloede en EEN ander werk en ontwerper van die beweging/styl wat op die aanhaling van toepassing is. (20)



**Renaissance**



**Art Nouveau**



**Goties**



**De Stijl**



**Bauhaus**





**Art Deco**



**Barok**



**Dekonstruktivisme**



**Kuns en Kunsvlyt**



**Skandinawies**



**Victoriaans**



**Romeins**

4.2



FIGUUR A: **Reënboogstoel** deur Patrick Norguet (oorsprong en datum onbekend). (Popkuns)



FIGUUR B: **Koningstoel** deur Shao Fan (China), 1996. (Postmodernisme)

Skryf 'n opstel (ten minste 200–250 woorde of EEN volle bladsy) waarin jy FIGUUR A met FIGUUR B vergelyk. Jou vergelyking moet na die doelstellings, kenmerke en invloede van elke beweging, soos gesien in FIGUUR A en FIGUUR B, verwys. (10)


**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

### VRAAG 5

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1




FIGUUR A: **Plakkaat** wat bewustheid van kinders wat wêreldwyd honger ly, bevorder deur Karen Morvan (VSA), datum onbekend.

5.1.1 Wat is die sosiale boodskap van die plakkaatontwerp hierbo? (2)

5.1.2 Verduidelik hoe die gebruik van beelde, teks, komposisie en kleur hierdie boodskap ondersteun. (4)

5.1.3 Skryf 'n opstel (ten minste 200–250 woorde of EEN volle bladsy) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep en EEN internasionale ontwerper/ ontwerpgroep wat sosiokulturele kwessies op een of ander wyse hanteer, bespreek.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Noem die ontwerper of ontwerpgroep.
- Bespreek die doelstellings, materiale, tegnieke en metodes van hierdie ontwerper/ontwerpgroep om te verduidelik hoe sy/haar/hulle werk sosiale kwessies hanteer. Verwys na ten minste EEN werk deur die ontwerper/ontwerpgroep om jou stellings te motiveer.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat in hierdie vraestel verskyn, verwys nie. (14)

**[20]**

**OF**

5.2



FIGUUR B: **Zoeloemandjie** deur RootzCreationz
(Suid-Afrika), 2013.

5.2.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy die belangrikheid om tradisionele kunsvlyt te beoefen, bespreek. Verwys na die produk in FIGUUR B as inspirasie. (4)

5.2.2 Skryf 'n artikel vir 'n reistydskrif waarin jy EEN van Suid-Afrika se tradisionele kunsvlyte bevorder. Bespreek die oorsprong, tipiese materiale, tegnieke en gebruik van patroon en motiewe. Verwys na ten minste EEN produk om jou stellings te illustreer. (6)

5.2.3 Bespreek die werk van EEN sosiaal verantwoordelike, kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper of -ontwerpgroep wat tradisionele metodes en/of materiale in sy/haar/hulle ontwerpe inkorporeer.

Gebruik die volgende as riglyne vir jou opstel:

- Doelwitte
- 'n Kort analise van ten minste EEN werk om te verduidelik hoe dit tradisionele materiale en/of tegnieke weerspieël
- Die sosiale kwessies wat deur die werk van hierdie ontwerper of ontwerpgroep aangepak word

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat in hierdie vraestel verskyn, verwys nie. (10)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6

6.1 Watter EEN van die ontwerpe in FIGUUR A en FIGUUR B hieronder is 'n voorbeeld van suksesvolle omgewings-/volhoubare ontwerp? Beskryf in jou antwoord die materiale wat vir vervaardiging gebruik is en hoe dit 'n invloed op omgewingskwessies het.



FIGUUR A: Co. se **Carpenter-reeks horlosies**, gemaak van herwonne hout.



FIGUUR B: Swatch **Chrono Plastic-horlosies**.

(6)

6.2 Bespreek EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpmaatskappy en EEN Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy wie se werk jou gemotiveer het om 'n volhoubare ontwerper te word.

Verwys in jou bespreking na die volgende:

- Noem die ontwerper/ontwerpmaatskappy.
- Noem en beskryf EEN voorbeeld van die werk van die ontwerper/ontwerpmaatskappy.
- Bespreek hoe die ontwerper/ontwerpmaatskappy se gebruik van materiaal jou gemotiveer het om 'n volhoubare ontwerper te word.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpmaatskappy(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerper(s)/ontwerpmaatskappy(e) wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (14)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou